Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

19 Januarie 2020

OGGENDDIENS: Ds Piet

Baie welkom terug aan almal wat weg was gedurende die Desembervakansie! Indien daar nuwe intrekkers by ons aangesluit het - maak sommer dadelik kontak!

Woordbediening vandag:
Is daar iets of iemand in 2020 waarvoor jy bang is? Die antwoord op jou vrees is nie meer moed of krag nie! Ons moenie vir mekaar sê: skraap al jou moed bymekaar en pak die probleem aan nie! Daarmee plaas ons die klem op jou as mens en wat jy kan doen.

Die antwoord op vrees is vertroue! Vertroue op God maak mense klein en God groot! Dit leer die Here ons vanmore uit die verhaal van die groot Goliat en die klein Dawid met sy groot vertroue op die groot God van Israel. Goliat "verkleineer" God maar Dawid maak God groot en daarom behaal hy die oorwinning.

Jy (klein mensie) gaan die "Goliats" in jou lewe alleen oorwin met sterk geloofsvertroue in ons Groot God!

Tema: Geloofsvertroue maak God groot en mense klein.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 514: 1, 2; Lied 188: 1, 3

Saam met ons kinders: Lied 542: 1, 2 en Lied 553: 1

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Lied 175: 1; Votum; Seën; Loflied Ps 68-2: 1, 5, 6

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Eksodus 20; Sing Ps 119-2: 12, 13, 14; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: 1 Sameul 17;
Teksverse: 1 Sameul 17: 45 - 47
Sing Ps 46-1: 1, 6 (Kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Geloofsbelydenis: 12 Artikels almal hardop saam; Liefdegawe; Gebed; Sing
Ps 18-2: 8, 9, 12 ; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

GROEPBEDIENING

Ons Woordbediening vind vanaand in kleingroepe plaas. Daar kom ook 'n groep om 17:00 by die kerk bymekaar.

MEELEWING

- Jasper Venter (Groep 39 - 082 854 7229) is Donderdag uit die hospitaal ontslaan maar hulle het 'n swam in sy long ontdek waarvoor hy behandeling

ontvang. Hy moet nou eers bietjie aansterk voordat chemoterapie weer kan begin.

- Sarel Buijs (Groep 39 – 082 491 0557) se operasie om die gewas uit sy brein te verwyder het goed afgeloop. Daar was bloeding wat hulle agterna moes dreineer, maar dit gaan nou redelik met hom.
- Annèèn Labuschagne (Groep34 – 083 993 7565) is in Eugene Marais-hospitaal opgeneem vir die behandeling van nierstene.
- Kleintjie Wiese (Groep 17 – 082 455 5523) is in Medikliniek opgeneem vir die behandeling van 3 tipes infeksies.
- Danie de Waal (Groep 39 – 082 654 7128) was ook in Medikliniek opgeneem vir behandeling maar is reeds tuis.
- Rita Schutte (Groep 27 – 082 654 2811) se lensvervanging het goed afgeloop en die ander oog se vervanging word eerskomende Maandag gedoen.
- Dries Schutte (Groep 27 – 082 339 5547) het met nuwe behandeling begin om die wonde op sy been te genees na vorige bestraling. Ons vertrou die nuwe behandeling gaan genesing bring.
- Giel Vermeulen (Groep 3 – 082 764 4826) het behandeling ontvang vir velkanker op sy kopvel en dit gaan beter met hom.
- Nansi de Klerk (Groep 1 – 072 199 6339) is in Medikliniek opgeneem vir behandeling.
- Ig Hefer (Groep 15 – 083 651 2055) het die afgelope week ‘n operasie ondergaan. Alles het goed afgeloop, hy is reeds ontslaan en sterk tuis aan.
- Frans en Annemie Kruger (Groep 8 – 083 793 0552) se 8 ste kleinkind, ‘n dogtertjie, is Vrydag gebore! Baie geluk, ons is saam met julle dankbaar!

Ons bid dat die Here beterskap, herstel, bemoediging en troos sal gee.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Isak vd Walt, Magdaleen Venter, Koos en Marlene Jooste, Lana Labuschagne en Annette Coetsee.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir: siekes@oosdoppers.co.za of Susan Lourens (073 898 0181) en Hendrik vd Walt (079 022 2526).
Medikliniek = 09:00-13:00 en 15:00-20:00
Mooimed = 11:00-11:30 en 15:00-16:00
en 19:00-20:00
Potch Hospitaal = 15:00-16:00
en 19:00-20:00

BAIE GELUK

Baie geluk aan al ons matrikulante van 2019 met pragtige uitslae! Ons is baie trots op julle!

ONS VERWELKOM

Baie welkom aan Corlia Ford wat met attestaat vanaf GK Bult by ons aansluit. Sy woon in Gompou 27C, Winfield Estate, groep 15.

GEBED 2020

Net aangaan as God saamgaan …

“… Toe het Moses vir die Here gesê: ‘As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie’ …” (Eksodus 33: 15)

Die Kersboodskap het dit pas ('n paar dae gelede) weer opnuut vir ons uitgejubel – *'Immanuel'* – God met ons! En hier is ons reeds besig met 'n nuwe jaar. Is jy ook opgewonde om in die nuwe jaar te kan *'aangaan'*. Ons beaam die woorde van Moses: *' Dit is juis deurdat U met ons saamgaan dat ons, ek en u volk, anders is as al die ander volke op die aarde' (Eksodus 33: 16).* Ons – as Christene is anders as ander mense. Ons gaan nie alleen aan nie.

Luister weer na wat Moses sê: As die Here nie met ons saamgaan nie, moet Hy ons ook nie laat aangaan nie! Wie kan sonder God aangaan? GEBED 2020 - Daarom is gebed vir 2020 onontbeerlik – ons kan nie daarsonder nie. Gebed fokus op die sekerheid van God se saamgaan wanneer ons nou aangaan. Kom ons maak gebed vir 2020 nie net 'n voorneme nie, maar 'n prioriteit.

As gemeente gaan ons weer saambid vir ons geestelike leiers. Dit is hulle wat ons in 2020 gaan voorgaan. Ons gaan ook bid vir mekaar. In besonder vir diegene wat in beproewende omstandighede moet aangaan. Stuur asb al julle gebedsversoeke vir Elsie Ferreira elsiecferreira@gmail.com en gebruik die Dienelkander elke week om al die persone en sake te sien waarvoor jy saam met ons vir die Here kan bid.

Indien jy deel wil word van die gebedsgroep of 'n groep wil lei: bel of whatsapp my 072 449 1982

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie: Open en boekies
Tee en koffie
Groepbediening

Maandag
17:00 Gholfdag
17:15 Finansies: Tel
17:30 Diakonie: Dagbestuur
19:00 Bestuursdiensgroep
Dankoffervorms na ouderlinge

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
18:00 Sustersbestuur

Woensdag
09:30 Bybelstudie
18:00 Hoërskool jeugbeplanning
18:30 Gebed en ondersteuning
18:30 Ouderlinge: Toerusting Blok A
(Groep 1 - 10)
19:00 Geen Bybelstudie

Donderdag
19:00 Kategete: Toerusting

AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid (Zapper betaal-metode beskikbaar)
- Gawe by die deure vanoggend vir GKSA: Sustentasie.
- Gawes volgende Sondag vir die Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by die deure.
- Diensbeurte: Groep 40 en 41.

ONS GROEI SAAM IN DIE WOORD

KWARTAALFOKUS: "WIE IS EK REGTIG? EK IS NOEMENSWAARDIG"

Ons gaan vanjaar elke kwartaal saam fokus op 'n spesifieke tema uit die Woord vir ons persoonlike huisgodsdiens, kleingroepe, ens. Alle lidmate met epos sal die Fokusboekie

elektronies ontvang en daar sal volgende Sondag ‘n aantal harde kopieë wees vir die wat nie toegang tot epos het nie.

Ons fokus op ons identiteit voor God met die tema: Jy is noemenswaardig!
Ons wil drie doelwitte bereik:
Ons ware identiteit - voor God in Christus.
Ons funksionaliteit - as ledemate in die liggaam van Christus (ons gemeente)
Ons doelgerigte diensbaarheid - in God se koninkryk tot sy eer.

Kom ons almal gebruik die Woordbediening om saam te groei in ons geloof.
Baie dankie aan prof Naas vir sy harde werk met die voorbereiding van die tema en fokusboekie.

IS MY DANKOFFER OP DATUM?
(FINANSIëLE JAAR - 1 MAART 2019 TOT 28 FEBRUARIE 2020)
Waar staan die afdra van my dankoffers vir hierdie finansiële jaar? Met nog net twee maande oor vir hierdie jaar, stel die Finansiële diensgroep, op versoek, graag die volgende inligting aan lidmate beskikbaar:

1. Daar word op gereelde basis afskrifte van die Groep se dankoffers aan die ouderling beskikbaar gestel. U kan met die ouderling kontak maak om toeligting te vra m.b.t. u dankofferbydrae. Die inligting kan ook direk van ons kassier verkry word.
2. Die oorspronklike dankofferbegroting word maandeliks aangesuiwer in ooreenstemming met veranderde omstandighede in die gemeente. (Bv. nuwe lidmate wat bykom, lidmate wat vertrek het uit die gemeente, asook lidmate wat oorlede is.)
3. Vir die eerste tien maande van hierdie finansiële jaar, lyk die prentjie as volg:

	R	R
Hersiene dankoffer-begroting vir hierdie jaar beloop:	2,640,371	220,031 (maandeliks)
Werklike dankoffer-bydrae vir eerste 10 mnde ontvang, Beloop:	2,096,479	209,648 (maandeliks)
Dankofferbydrae uitstaande vir Jan. en Feb.:	543,891	

4. Indien die dankofferbydrae vir die laaste twee maande van hierdie jaar dieselfde tendens gaan handhaaf, is die projeksie dat die bedrag wat nie gaan realiseer nie R124 596 beloop, met gevolglik ‘n groter tekort vir die jaar. Vandaar: “Waar staan my dankoffer bydrae vir hierdie finansiële jaar?”
5. Help die kassier om direkte bankinbetalings makliker aan ‘n lidmaat/wyk of groep te kan toedeel. Dit is bykans onmoontlik om byvoorbeeld ‘n toedeling te maak met die volgende verwysing op die kerk se bankstaat: “ABSA BANK Bydrae”.

KATKISASIE 2020
Ons is baie dankbaar dat ons kategetiese onderrig vandag weer kan begin. Ons bid al ons Kategete, Katkisasante en hulle ouers die ryke seën van die Here toe op ons jeug se toerusting hierdie jaar. Ons sê baie welkom aan die Graad 1- maatjies wat vanjaar die eerste keer klasse moet bywoon.

Kategete: Diensgroep-voorsitter:
Adele Human
Gr. 1 - Corné Geyer - regs voor preekstoel op mat
Gr. 2 - Sonja Olivier - links voor preekstoel op mat

Gr. 3 - - kategeselokaal 3 (reg langs kerkkantoor)
Gr. 4 - Sonja Booyens - Kategeselokaal 2 (middel)
Gr. 5 - Hanlie Bezuidenhout - Klein moederskamer
Gr. 6 - Annari Schutte - Groot moederskamer
Gr. 7 - Pieter Geyer - Elim
Gr. 8 - Hendrik van der Walt – Kategeselokaal 1
Gr. 9 - Hendrik Naude - Konsistorie
Gr.10 - Pieter Pretorius - Saal B

Hulpkategete: Hans Malan, Sarita du Preez en Ansa Coetzee

Weekskatkisasie Gr 8, 9 en 10 – Ds. Piet
Ds Piet sal die klasse bymekaar kry en klastye in die week reël soos wat dit die meeste katkisante en ouers pas.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 19 Januarie

Br Stefan Carr	063 534 1878
Sr Corlia Ford	
Jsr Luanke v As	083 501 7181

Maandag, 20 Januarie

Br Janus Earle	082 564 6251
Sr Annarie Oelofse	082 565 8215
Br Jan-Ernst Oosthuizen	072 589 6514

Dinsdag, 21 Januarie

Br Marius Lamprecht	082 839 6237
Sr Julialet Rens	083 235 2359
Br Dirkie Venter **(78)**	072 357 7351
Br Sias Willemse **(71)**	082 417 7560

Donderdag, 23 Januarie

Br Flip de Bruyn	082 890 1167
Sr Adele Erasmus	083 459 9008

GHOLFDAG: 7 FEBRUARIE 2020

Ons jaarlikse gholfdag word reeds op 7 Februarie aangebied. Ons nooi graag ons gemeente se gholfers om 4-balle in te skryf. Putjie borge is ook baie welkom!

4-bal = R1800 vir 4 spelers (R450 p/speler)
Putjieborg = R500

Kontak gerus die volgende persone met enige navrae:
Ryan Bezuidenhout - 082 464 6310
Walter Plotz - 083 487 7497
Nicolaas Erasmus - 074 671 6932

Ondersteun asb hierdie geleentheid!

BAIE DANKIE

Ek wil graag die susters bedank vir die “heerlike” Kersgeskenk wat ek ontvang het. Ek waardeer dit opreg.

Seëngroete

Annette Coetsee

ALGEMENE INLIGTING

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS & KANTOOR
Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt
082 851 3637
Kerkkantoor: Adele 018 290 7690 /
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Kosterspaar: Johan 061 336 7255
Elsa 073 959 8051

BANKBESONDERHEDE:
Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Bank
Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 632-005

Diakonie
ABSA Bank
Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 632-005

Susters
Capitec Bank
Tjekrek: 145 652 5695
Takkode: 470-010

WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)

Papier, plastiek, karton, glas, blikkies en polistireen - *hoef nie gesorteer te wees nie, herwinningsitems moet wel in plastieksakke toegebind wees EN PLASTIEKBOTTELS MOET ASB PLAT GETRAP WORD*. **ASB GEEN huisafval nie!** Die glas/blikkies/plastiek moet asb **uitgespoel** wees.

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoon toepassing)
Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en **slegs bydraes vir Barmhartigheid** kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie

SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE

Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Videos van elke erediens kan hier gesien word: Facebookblad "Geref Kerk Potch-Oos.
Videos van Preke by http://ow.ly/ivfZ309vsdc.
Ds Piet stuur weekliks sy preke per e-pos uit. Laat weet hulle indien jy dit wil ontvang.

BYDRAES VIR DIE DIENELKANDER

Lidmate is baie welkom om bydraes/berigte of nuus vir die Dienelkander deur te gee na die Kerkkantoor. Doen dit asseblief voor Vrydae 09:00. ("Dien-elk-ander": Nederlands vir: dien mekaar!) Die Dienelkander is elektronies beskikbaar en word Vrydae per e-pos uitgestuur. Kontak Adele by die kerkkantoor indien jy dit graag elektronies wil ontvang.

SUSTERS IN DIE GELOOF

Intimiteit met God

Laat my gebed soos reukwerk voor U aangesig staan,
die opheffing van my hande soos die aandoffer.
Psalm 141:2

Teeskinkgeleenthede

- *Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters, broers en kinders wat met die skink en opwas help!*
- *Ons moedig susters en broers, selfs gesinne aan om met die skink en opwas te kom help – so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!*

*Tee word **vandag** deur die volgende groeplede en hul groepsusters bedien: Sonette Turkstra en groep 5, Erika Rood en groep 14, Chanelle van As en groep 24, asook Stephanie Earle en groep 34.*

***Volgende week** skink Karin Kruger en groep 6, Naetta v Zyl en groep 15, Lana Laufs en groep 5, Nelleke du Toit en groep 35, asook Elmien Halgryn en groep 40 se susters, tee.*

Blikkies-warmharte

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. ***Baie dankie vir julle getroue bydraes!***

Sustersbydrae

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry asook die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Belangrike datums hierdie maand

- *21 Januarie (Dinsdag): Sustersbestuur*
- *28 Januarie (Dinsdag): Groepsusters*

Oosdoppertjies

Sagaria 2:8 B " Wie aan julle vat, vat aan my oogappel."

Liewe Oosdoppertjies

Baie welkom terug na 'n heerlike vakansie. Aan die begin van 'n nuwe jaar besef ons, alles begin nuut en skoon. Nuwe klasse, nuwe maats, skoon boeke om in te werk, 'n nuwe katkisasieboek met nuwe lesse… miskien is dit daarom goed om weer 'n slag stil te word met die wonderlike troos dat God die God is van nuwe beginne.
Hy kan iets nuuts begin waar alles vir ons verlore of hopeloos lyk. Miskien is jou moed laag. Miskien lê daar uitdagings voor wat vir jou te groot voel om te hanteer. Onthou dan: God kan wonders doen!

Hy het aan die begin uit niks 'n heel nuwe wêreld gemaak.
Hy het in Eli se dae met 'n jong seun nuut begin en sy kinders 'n nuwe kans gegee. Hy kan ook deur sy wondermag in jou lewe iets nuuts begin.
Hierdie waarheid het Dawid laat uitroep: "U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap. Uit u hand kom net wat mooi is." (Ps. 16:11).
Vandag kan vir jou die begin wees van 'n nuwe lewe - 'n lewe waarin God telkens op 'n nuwe wyse werk. Glo dit! Leef dit! Van vandag af!

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

Kerkstraat 199
Potchefstroom
Tel: 297 7247
MOOI RIVIER APTEEK PHARMACY
Elke dag oop tot 20:30

ESTĒE LAUDER
ORLANE PARIS
PAYOT PARIS
CLARINS PARIS
Kanebo
REVLON
ROC
GREEN CROSS